



GOEIE VRYDAG

Wanneer u hierdie uitgawe ter hand neem, is Goeie Vrydag al verby en is ons midde-in die Paasnaweek. Hierdie naweek is die viering van die kernegebeurtenis van die Kerklike Jaar, nl die viering van die dood en opstanding van Jesus Christus, ons Verlosser. Soos met Kersfees vier ons Christene hierdie fees al byna werktuiglik, en so kan ons dalk bo-oor die diepe betekenis daarvan feesvier. Meeste van die tyd is dit vir ons 'n lang naweek waartydens ons nie fokus op die diepsinnige en verlossende betekenis van die gebeure nie.

Gedurende die week het ek 'n interessante stukkie van Stephan Joubert in Beeld gelees waarin hy Jesus se koms vergelyk met dié van die magtiges en glansrykes van hierdie wêreld. Die glansryke en magtige mense kom gewoonlik aan met groot fanfare en basuingeskalk, met spesiale uniforms, medaljes en ander blink behangsels; dikwels in 'n konvooi van die duurste karre en selfs gesofistikeerde militêre voertuie. Of kom op die lughawe aan met die grootste vliegtuig ter wêreld en 'n falanks sekuriteitsvoertuie en personeel. Selfs die Pous het 'n glansryke "Popemobile" waarmee hy in die openbaar verskyn.

Daarteenoor het die Here van hemel en aarde na ons gekom as 'n baba wat in 'n krip neergelê is.

Sy "uniform" was dié van 'n slaaf en sy "kroon" was van dorings gevleg en die "wapen" in sy hand was 'n verhewe seëngenaar. In plaas van talle medaljes en behangsels het Hy 'n voorskoot gedra. Inderdaad was Jesus se beeld nie dié van 'n "magtige" nie, al het Hy met sy mag die dood ingegaan en dit oorwin. Hy het self sy lewe afgelê terwille van ons en self weer die lewe opgeneem om uit die dood op te staan om ook vir ons oorwinning te verwerf. Dié oorwinning moet elke dag uitloop op die oorwinning oor die kwaad in onself en in die wêreld en die bring van God se vrede in hierdie vredelose wêreld.

Mag ons hierdie diepe betekenis van die Paasgebeure in ons vieringe gestalte gee en ook elke dag in ons lewens as begunstigdes van God wat sy Seun in die gestalte van 'n dienskneg na ons gestuur het.

Hier is die nuwe uitgawe van *Die Kandelaar*. Ons hoop julle geniet dit.

Daan en Jansie Kilian.

IN GESPREK MET JAKOBUS

'n Dialoog oor wysheid, Jakobus 1 & 3

(Gebaseer op die preek van 13 Maart.)

"As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid en Hy sal gee sonder verwyd... Hierdie wysheid bring jou in die regte verhoud-

ing met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak." (Jak 1:5, 3:18). Christenvriende is in 'n omgegroepe en leef nou saam met mekaar, eet saam, besoek mekaar in die hospitaal en bid vir mekaar. Op 'n dag is daar 'n stryery oor 'n standpunt en dit bring tweespalt.

Ernstige Elsa is, sou jy dink, die leier van die groep. Sy neem leiding en ken die Skrif. Sy is beslis en maan almal altyd om te leef soos die Here dit wil.

Stil Sarel is ook 'n leier, maar hy is op die agtergrond. Wanneer iets georganiseer moet word, sal hy op sy stil manier net begin om te doen en dan val die ander in en help. Hy verskil nou van Elsa en begin hom te onttrek, ander volg sy voorbeeld.

Liewe Hennesjette is in trane, sy probeer altyd om almal gelukkig te maak, bak koek en dra koeksisters aan. Haar hart is verskeur want sy kan nie almal gelukkig hou nie.

Jakobus lê besoek af en begin by Elsa: "Hou jy van my boek Elsa, en ken jy die inhoud?" "Natuurlik ken ek jou geskrif, ek het ten minste die Bybelskool bygewoon." "Elsa, daar is verdeeldheid, wat gaan jy daaromtrent doen?" "Wel, ek het gedink om almal bymekaar te roep, ek het reeds 'n klomp teksverse bymekaargemaak en dan sal ek dit voorlees en die groep tot orde roep. Hulle moet inval by dit wat die Here sê of hulle is dan uit." "Elsa, dink jy dat alles wat jy sê en doen gelyk is aan die Here se wil?" "Natuurlik, ek sê net wat die Here sê, sy Woord is 'n swaard wat sny en skeiding maak!" "Elsa, dink jy 'n mens moet die mes gebruik soos

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

‘n slagter of ‘n geneesheer wat fyn sny en heelmaak. Weet jy wat naywer is? Elsa, naywer is wanneer ‘n mens vir die regte saak baklei, maar op die verkeerde manier. Terwyl daar naywer is, moet jy nie dink dat dit ‘n wysheid van Bo is nie.”

“Sarel, ken jy my boek?” “Ja, Jakobus, daar is baie praktiese raad wat jy gee oor die lewe.” “Sarel, weet jy dat daar tweespalt in julle groep is?” “Mmmm”. “Sarel, sê jy niks?” “Ek het besluit om my te onttrek, sê niks, dan is daar niks.” “Sarel, wat kan jy doen om die vrede te bewerk?” “Niks, want as ek van Elsa verskil, gaan dit op niks uitloop nie, jy kan nie met haar praat nie.” “Sarel, jy is selfsugtig, jy sorg dat daar net ‘n valse vrede by jouself bestaan, maar wat van die groep? Sarel, solank as wat daar selfsug bestaan, moet jy weet dit is nie wysheid wat van Bo kom nie.”

“Liewe Hennetjie, dankie vir die tee en die lekker eetgoed. Sê vir my, hoe het jy gedink kan ons vrede bewerk in die groep?” “Ag Jakobus, my hart is stukkend, ek het baie waardering vir Elsa, maar sy slaan jou altyd met die Bybel. Ek ken nie my Bybel soos sy nie en dit maak my magteloos.” “Hennetjie, sal jy vir Elsa sê dat sy die Woord anders moet gebruik en dat sy jou onbekwaam laat voel?” “Nooit nie, nee, jy kan dit nie van my verwag nie.” “Nou wat van Sarel?” “Sarel onttrek, ek respekteer hom, maar hy is hardkoppig en wil eenvoudig nie opstaan teen Elsa nie.” “Hennetjie, sal jy vir hom sê dat hy nie moet onttrek nie en ophou om hardkoppig te wees?” “Nee, Jakobus, ek wil almal gelukkig hou en gaan hom nie seermaak nie.” “Hennetjie, weet jy wat is opregtheid? Om te weet dat daar probleme is, maar nie daarvoor te praat nie, is skynheiligheid. Dit is nie opregtheid nie.”

“Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, jy moet dit gebruik om vrede te maak.”

Ds Gideon.

OP REIS (7) : TE LAAT VIR

SARDIS

Ons het vyf voor vier by die ou stad Sardis opgedaag nadat ons van die hoofroete moes afdraai om daar uit te kom. Die sweet tap ons af van die ver stap, maar ongelukkig sê die man by die kaartjieskantoor dat ons nie kan ingaan nie. Hy kan ons nie toelaat nie want daar is oral kameras en hy sal vervolgt word indien ons buite die ure deur die stad loop. Nou ja, dan is dit so, maar nou sal ons moet slaapplek soek. Almal vertel ons van die hotel wat nie te ver is nie en die huurmotor bring ons weg daarheen. Dit was asof die Here dit vir ons bestel het. Dit was duur maar die moeite werd; ons het nodig gehad om behoorlik te rus.

Die plek is eintlik ‘n spa en ons het in die warmwaterswembad ontspan, aandete en buffet-ontbyt geniet en die volgende dag pak ons die tog met hernieuwe ywer aan. Sardis was absoluut die moeite werd want die storie agter die storie is besonders. Koning Kroessus was skatryk; hy het die kuns vervolmaak om goud en silwer te skei. Spoelgoud wat ontgin is, het die stad se voorspoed verseker. Die mure rondom die boonste deel van die stad was ondeurdringbaar en het die inwoners groot sekuriteit gebied. Die legende lui dat die koning ‘n doofstom seun gehad het. Hieroor het die koning die orakel van Delfi geraadpleeg en die orakel het gesê: “Die dag wanneer jou seun gaan praat, sal die donkerste dag van jou lewe wees.”

Kores van Persië het ‘n bedreiging geword en hieroor is die orakel weer geraadpleeg: “Die dag wanneer daar oorlog kom, sal ‘n groot moontheid val”. Kroessus het die voorspelling gesien as die jawoord om Persië te gaan beveg, maar helaas, Kores het hulle teruggejaag tot binne die mure van Sardis. Die stad het letterlik ‘n bo-dorp en ‘n onderdorp gehad. Die boonste gedeelte was goed ommuur en op ‘n heuwel. Almal het na die bo-dorp gevlug. Vir twee weke is die stad omsingel om ‘n invalplek te bepaal. Toe gee Kores opdrag dat die eerste soldaat wat die aanval tot binne die stad suksesvol sal lei, goed beloon sou

word. Hy wou die stad nie spaar nie en hulle moes Koning Kroessus lewendig aan hom oorgee. Openbaring 3 praat van Sardis as aan die slaap, hulle staan bekend as ‘n lewende stad en tog is hulle dood. ‘n Legende vertel dat ‘n Persiese soldaat deur die nag waggestap het op soek na ‘n swak skakel en toe opgelet het dat ‘n soldaat van Sardis bo-op die muur aan die slaap geraak het. Sy helm het afgeval en teen die steil heuwel afgerol. Hy het besluit om die helm te gaan haal en het voetjie vir voetjie afgeklim met ‘n geheime paadjie. Dit is waargeneem deur die vyand en het die weg na binne die stad geword en die mense is oorrompel. In die skermutseling binne die stad het die soldate byna vir Kroessus gedood maar die doofstom seun het gekeer en geskreeu: “Dit is my pa die Koning!”

Kroessus is op ‘n brandstapel geplaas saam met die adel en die hout is aan die brand gestee. Hy skreeu toe: “Solon, o Solon!”. Kores was nuuskierig en wou weet wat Kroessus skreeu en gee opdrag dat die vuur geblus moet word, maar dit was nie moontlik nie. ‘n Stortbui het die vuur egter geblus en Kroessus is voor koning Kores gebring. “Wat skreeu jy?”, wou hy weet. ‘n Mite lui dat Solon een van die sewe wyse mense was en dat hy Kroessus ontmoet het. “Wie is die gelukkigste mens wat jy al ontmoet het?”, wou Kroessus van hom weet. Solon het ‘n naam verskaf, “...en die volgende mees gelukkige?” Hy het gehoop dat Solon hom sou noem, maar Solon antwoord: “Jy leef nog, ‘n mens se geluk word uiteindelik bepaal deur die wyse waarop jy sterf”. Nou was Kroessus besig om op ‘n brandstapel te sterf, tot sy grootste verleentheid. Kores het blykbaar sy lewe gespaar en hom as adviseur gebruik.

Ds Gideon.

NADER TOT GOD.....MET JOU VERGIFNIS

Op 5 November 2003 was die hooggeregshof in Seattle in Amerika volgepak. Familielede en vriende van die 48 vermoorde vroue het gekom om boodskappe

aan die 54-jarige Gary Leon Ridgway (ook bekend as die Green River reeks-moordenaar) te gee voordat die regter hom lewenslank tronk toe sou stuur sonder die opsie van parool. Dié reeks moorde het Ridgway die grootste reeks-moordenaar in die Amerikaanse geskiedenis gemaak. Om 'n verhoor en daarmee saam 'n moontlike doodstraf te vermy, het hy 'n ooreenkoms met die gereg onderteken om meer inligting oor die slagoffers aan die polisie te verskaf. Die spreekbeurt in die hofsaal was gevul met tranes, woede, spot en haat teenoor Ridgway, terwyl hy met 'n strak, emosielose gesig gesit en luister het. Dit is egter toe die bejaarde pa van een van die slagoffers, Richard Rule, met sy lang wit baard na die podium stap dat die onverwagse gebeur. Hy het stadig in 'n diep stem begin praat: "Meneer Ridgway, daar is mense in hierdie vertrek wat jou haat. . . Ek is nie een van hulle nie. Jy het dit baie moeilik gemaak vir my om te leef wat ek glo en wat God van my vereis – om jou te vergewe. Maar vandag sê ek vir jou: 'Ek vergewe jou. . .'" Met die aanhoor van dié woorde het die gesig van die moordenaar vertrek voordat tranes oor sy wange begin stroom en hy snikkend begin huil het. In stede van bitterheid en haat het hy 'n oomblik van genade beleef. Onverdiend. Besef jy dat ons ook op pad was na die dood voordat Jesus 2000 jaar gelede op Golgota aan ons 'n genadedaad bewys het deur in ons plek vir ons sondes te sterf?

Is daar iemand in jou lewe (lewend of wat reeds gesterf het) wat jou ook so oneindig seergemaak het dat dit moeilik is om te dink dat jy hom of haar sal kan vergewe? Voel dit vir jou asof jou vergifnis daardie persoon skotvry daarvan gaan laat afkom, terwyl jy steeds die pyn as gevolg van sy of haar dade moet dra? Dít is wat die vyand ons wil laat glo. Hy sal enigiets doen om te verhoed dat ons vergewe omdat hy weet dat 'n onvergewensgesindheid meestal in bitterheid en haat omsit wat 'n blokkasie in ons verhouding met God veroorsaak. Vergifnis is vir

God en ook vir ons geweldig belangrik. In Matteus 6:14-15 sê Jesus: "As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie." Wanneer ons vergewe en ons skuldenaar vryspreek, is dit 'n teken dat ons die situasie aan God oorlaat. Hy is immers 'n regverdige regter (Psalm 7:12) wat op sy tyd en manier die oordeel vel. Buiten dat vergifnis ons vrymaak, herstel dit ons verhouding met God en kan ons sy stem duideliker in ons lewens ervaar.

Jesus se opoffering aan die kruis het ons weer die kans gegee om 'n verhouding met ons Vader te bou. Wil jy nie ook vir God 'n kans gee om jou deur sy Heilige Gees in staat te stel om jou skuldenaar te vergewe nie? Dit mag dalk net sy teenwoordigheid in jou lewe terug nooi. Sterkte.

"Vader God, baie dankie vir u vergifnis vir my sonde deur Jesus se kruisdood. Help my asseblief om ook dieselfde genade aan ander te bewys al is dit ook soms vir my moeilik. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen".

Deur Beneschke Janse van Rensburg.

Afgelaai van die webwerf WWJD:- *Reis deur die Woord* en ingestuur deur Sue Nel.

WAAROM VIER ONS KERSFEES

(Hierdie gediggie is êrens teen die einde van verlede jaar deur iemand ingestuur, maar is om een of ander rede van vergeet. Dis so mooi dat ons dit nou plaas al is Kersfees al verby. Ons kan *Kersfees* vervang met *Paasfees*, want dit pas ook daar. D K.)

Ons vier nie fees nie, ons vier liefde
Vier nie ontvang nie, ons vier gee
Ons vier nie kwaad nie, ons vier vrede
As n familie vier ons fees...

Ons vier nie weemoed, ons vier glimlag
Ons vier nie haat nie, ons vier hoop
Ons vier nie dood nie, ons vier lewe
As 'n gesin vier ons geloof...
En dit lyk dalk soos 'n verskoning
Om geskenke uit te deel

Maar gebroke is ons as mense
Maar sy geskenk maak ons weer heel!
So ons vier kersfees.
Ons Koning het vir ons gekom.
Ons is vrygemaak deur Hom.
Al is daar liggies in ons bome
Vier ons steeds Sy geboorte
En droom van Sy herkoms.
'n Vader stuur Sy Seun vir ons
Om te sterf sodat ons kan leef...
...Daarom vier ons Kersfees!
Ons vier nie ingee nie, ons vier oorgee
Ons vier nie vrees nie, ons vier krag
Ons vier nie leuens nie, ons vier opreg
'n Ster se boodskap in die nag.
En dit lyk dalk soos 'n verskoning
Om geskenke uit te deel
Maar gebroke is ons as mense
Maar sy geskenk maak ons weer heel!
So ons vier kersfees.
Ons Koning het vir ons gekom.
Ons is vrygemaak deur Hom.
Al is daar liggies in ons bome
Vier ons steeds Sy geboorte
En droom van Sy herkoms.
'n Vader stuur Sy Seun vir ons
Om te sterf sodat ons kan leef...
...Daarom vier ons Kersfees!

Johan C Venter



DIE KUNS VAN GELOOF

(Na aanleiding van 'n preek van ds. Fanie Venter oor Jes. 58:6–14, wat omtrent dieselfde gedagtes uitspreek as Matt. 25:31–46.)

'n Geloof wat nie in daade oorgaan nie, is dood.

So ook is 'n liggaam wat nie asemhaal nie, dood. Watter daad bewys my geloof?, mag jy dalk vra. Dít sal jy dalk uit Gods Woord uit leer, uit sý gena.

Wanneer die Here Jesus kom, in majesteit geklee saam met sy eng'le om die aarde weer te betree, kom die volkere algar bymekaar daar voor Hom; sy laaste woorde laat hulle daar staan, skoon verstom:

“Kom geseëndes, my skape, kom in in my ryk, geërf deur julle wat met deernis die hand uitreik: hong'riges word gevoed, dorses word water gegee, vreemdes kry blyplek en die wat naak is, word geklee. En siekes word verpleeg en gevangenes besoek.”

Daarom's jul name geskryf in God se lewensboek.

“Maar wanneer, Here, het ons dit als aan U gedoen?”

“Jul het deur deernis aan geringes dit aan My gedoen.”

Die ongeloow'ges aan die linkerkant van die Koning kry geen plek in God se heerlik hemelse woning. Hulle moet hoor van deernis wat hul nie het gedoen, en waarom hulle nou voor Gods oordeelstoel kom staan.

Veroordeel Hy hulle met 'n straf wat ewig duur, en stuur hul weg na die poel van duiwels – die eew'ge vuur.

Hoor wat sê Hy vir hulle: “Ek ken julle nie meer.”

Dit huil en kners op die tande, want hulle't versmaak die Heer.

Om deernisvol te lewe en deur die geloof het die Here Jesus aan jou sy koninkryk beloof. 'n Handgebaar, 'n vriendelike woord: ontferming; 'n sagte salf vir mense se seerkry: erbarming.

Maar dit is by hierdie omgee waar ek faal, Here; waar my moed my begewe, ja, talle kere.

Ek staan gedwee op die kantlyn en skree my keel

seer.

Dan lees ek wat Job sê oor medely, o my Heer:

“Wie medelye met 'n vriend beskou as 'n las het die vrees vir die Almagtige verwerp” – effe kras? Dit klink vir my na sonde wat ek dan sal begaan, En dat ek dan voor u hoë reg moet kom staan....

Dan moet ek bely: “Ek het gesondig, o Heer van my, en weet nie waar om te kyk om ú kyk te vermy.

Die tollenaar wou selfs nie sy oog na die hemel toe rig,

maar sê met groot droefheid: ‘O God, wees my, sondaar, genadig’.”

So pleit ek ook by U, Jesus, U alleen wat kan vergeef,

om my te vergeef sodat ek nie meer in sonde moet leef.

Die verlore seun bely teenoor sy oorstelpte Pa, en ontvang van hom, soos van God, net grote gena.

Aan God my dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Heer.

Daarom wil ek U loof en prys en sing tot u eer!

Aan U, Here, behoort die koninkryk en die krag.

Aan U behoort die heerlikheid en al die mag!

Hennie Jooste.

1. MES**VERSLAG 2014/2015**

(deur Ds Johan Krige, Hoofuitvoerende Beampste)

SENDINGNUUS

Ingestuur deur Betsie de Wet

TOTSIENS EN DANKIE

Hierdie MES-jaareinde gaan vir my anders wees. Na 16 jaar groet ek 'n organisasie waarvoor ek baie lief geraak het. MES het op 'n manier my lewe geword. Nou tree ek uit en gee die leisels oor aan iemand anders.

Dit was seker die uitdagendste tyd van my lewe en vir seker die mees verrykende, want die Here het my oor grense laat stap wat my vir altyd verander het. Mense het dikwels gevra watter suksesstories MES het, en ek moes telkens vir hulle meedeel dat daar nie suksesstories is nie. Wel genadestories

en baie van hulle! Trouens, my eie lewe is ook maar 'n storie van God se genade. Ek was deel van 'n span wat deurentyd ervaar het hoe die Here vir ons sorg. Ons het nooit te veel gehad nie, maar daar was genoegsame fondse om te doen wat ons moes doen. Daar was groei, nuwe programme en nuwe takke. Daar was tye wat ons kon glimlag en ook tye wat ons swaargekry het.

Ek het gesien hoe mense se lewens verander en hoe mense wat alles verloor het, kon opstaan. Ek het gesien hoe mense wat onder kartonbokse geslaap het, uiteindelik 'n blyplek en 'n permanente werk gekry het. Van hulle was die afgelope jare my kollegas. Ek het beleef hoe die evangelie van Jesus 'n krag is wat lewens verander! Daar was maande waar ons enkele dae voor die personeel-salarisse betaal moes word, nog 'n paar honderdduisendrand gekort het en tog kon ons elke keer daarin slaag om betyds ons personeel te betaal. Ek moes leer dat God groter is as al ons beperkings en sy voorsiening ruimer is as die strukture waarteen ons vaskyk.

Ek laat 'n span vir wie ek baie lief geword het, agter en gaan hulle baie mis. Ek is egter daarvan oortuig dat die Here, soos altyd, vir MES sal dra en dat die werk sal voortgaan. Ek wens aan ds Alan Childs, wat die leiers oorneem, baie sterkte toe. Hy is uitstekend vir die dié taak toegerus.

Mag die boodskap van vrede wat die engele aan die herders by die krip gebring het (Lukas 2), ook in dié Kerstyd met julle gedeel word. Mag die Here Jesus julle met sy teenwoordigheid en liefde vul. Mag julle as MES-ondersteuners steeds saam met MES die hande en voete van Jesus in Johannesburg, Kaapstad, Port Elizabeth en Kempton Park wees. Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning!

In Paulus se woorde (Hand 20:24) kon ek my lewenstaak by MES voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus ontvang het, klaarmaak. Ek groet julle!

Johan Krige

VERSLAG VAN DIE HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE VIR DIE JAAR GEËINDIG

28 FEBRUFARIE 2015

Visie, Missie en Kernbesigheid

MES het gedurende die 29 jaar wat dit in Johannesburg en ongeveer sewe jaar wat dit in Kaapstad, Port Elizabeth en Kempton Park werkzaam is, getrou gebly aan sy visie om die hart van die stad te verander. Ons missie om mense holisties te bemagtig om onafhanklike, volhoubare en betekenisvolle lewens te leef, het vir verskeie kliënte 'n realiteit geword. Hierdie is inderdaad 'n weerspieëling van menige wonderlike genade-stories. In al ons werk by MES, glo ons opreg in die lewensveranderende rol wat die evangelie van Jesus Christus in die omwenteling van mense se

toekoms kan speel.

Strategiese Bestuur

Ons strategiese bestuurspan het gedurende dié jaar 'n aantal veranderinge ervaar. Die rol van die Hoofuitvoerende Beampte van die organisasie is nou in twee poste verdeel. Die Hoofuitvoerende Beampte sal voortgaan om die organisasie se nasionale komponente te bestuur. Hierdie rol sluit ook die ontwikkeling en ondersteuning van al die takke in. Die Johannesburg tak het vir ds Nicodemus Setshedi as takbestuurder aangestel.

Finansies en Korporatiewe Bestuur

MES se finansies is effektief bestuur. Effektiewe finansiële stelsels wat deur finansiële beleid ondersteun word, het tot die organisasie se finansiële stabiliteit bygedra. Gevolglik het ons gedurende die vorige finansiële jaar groot verbeterings in die maatskappy se finansies ervaar.

Die MES Khula Sustainability Trust sal ons finansiële stabiliteit verder verstewig en as nog 'n inkomstestroom dien. Die huidige trustees is mnre. Roelf Meyer, Andries Brink en me Marlene van Rensburg. Mnr Reinier Boshoff het as trustee bedank, aangesien hy na Malta getrek het.

MES het 'n gesonde finansiële stelsel wat aan al die vereistes van standaard rekeningkundige praktyke en die Maatskappywet voldoen. MES het ook 18A-belastingvrystellingstatus verwerf, wat 'n verdere bydrae lewer tot die voordele wat ons donateurs geniet.

Menslike Hulpbronbestuur

Ten tyde van hierdie verslag, het MES ongeveer 172 voltijdse personeellede in diens gehad. Ons menslikehulpbronedepartement fokus tans op pogings om werknemerproduktiwiteit te verhoog – hulle sien om na ons personeel op 'n holistiese manier.

Strategiese Vennootskappe

MES waardeer al sy vennote wat saam met ons weskaf om die "Hart van die Stad te verander!" Ons wil graag die volgende hoogtepunte met u deel:

MES en sy sustersmaatskappy, Madulammoho Housing Association (MHA), het voortgegaan om hul vennootskap te versterk.

MES Johannesburg en die NG Kerk Sinode Hoëveld is besig om hul langtermynverhouding te herbevestig, deur amptelik vennote te word. Hulle identifiseer aktiwiteite wat hul sal toelaat om van mekaar te leer en ondervindings te deel.

Ons vennootskappe met verskillende regering-safdelings is vir ons belangrik. In Johannesburg het ons ondersteuning ontvang vir programme wat op families en kinders, die Roly Poly Crèche en die vaardigheidsontwikkeling- en werkkuitplasingprogramme fokus. In Kaapstad het die provinsiale De-

partement van Maatskaplike Ontwikkeling fondse verskaf om nou ook die volledige, holistiese benadering van ontwikkeling van die hawelose gemeenskappe te volg.

Die vennootskap met CalgroM3, wat die bestuur van die MES Kids Academy-voorskool en die opleiding van kontrakteurs behels, dra tot ons derde inkomstestroomstrategie by.

Die Gesamentlike Bedrywighede Komitee (GBK) in die breër Bellville-area, die Stedelike Verbeteringsdistrik (VRCID), asook die Greater Tygerberg-vennootskap is elk instrumenteel om volhoubare ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede vir die gemeenskappe wat MES bedien, te vind.

Kerke van verskillende denominasies word vennote van MES Kaapstad om 'n impak op die noordelike voorstede te maak.

Ons individuele donateurs is ons mees lojale ondersteuners en bring groot stabiliteit.

Progressiewe Strategie vir 2015/2016

Ons nasionale strategiese doelwitte bly dieselfde:

Om holisties hoë kwaliteit ontwikkelingsdienste wat deur die MES-diensmodel geïmplementeer word, te lewer.

Om te verseker dat die organisasie genoegsame en professionele hulpbronne het.

Om goeie korporatiewe beheer in alle besigheidsopsigte te handhaaf.

Om 'n tevrede en gemotiverde personeelkorps te hê.

Ons spesifieke fokus vir die komende jaar, wat by ons nasionale doelwitte aansluit, is soos volg:

Om ons hulpbronontwikkelingskapasiteit en -doeltreffendheid te verbeter om sodoende 'n volhoubare donateursinkomste vir die organisasie te verseker.

Om 'n langtermynstrategie vir volhoubare inkomstegenererende geleenthede te ontwikkel, wat as 'n alternatief tot die MES-begroting sal bydra – daar word hier na ondernemingsontwikkeling, sosiale ondernemings en die ontwikkeling van die Khula Sustainability Trust verwys.

Om met die plaaslike regering hande te vat om 'n laekoste-behuisingsmodel te ontwikkel, wat die behoeftes van die straatgemeenskap en die mense in ontwikkelingsprogramme, sal aanspreek.

Om die GROW Werksrehabilitasieprogram van die Kaapstad-tak by die Johannesburg- en Kempton Park-tak suksesvol te dupliseer.

Dankie

Ek wil ons hemelse Vader vir sy krag bedank. Ons staan toegewyd in sy diens. Hy wys vir ons elke dag, sonder uitsonderling, wat ons moet doen.

Sonder ons diensbare personeel en donateurs met omgeeharte is ons hande afgekap. Dankie!

Bron: MES Nasionaal/National Nuusbrieff/Newsletter, Desember 2015; **Adres:** Privaatsak X33, Hillbrow 2038; **Tel:** 011 725 6531; **Faks:** 011 725 6572, **Bankbesonderhede:** **Rekeningnaam:** MES Algemeen, ABSA, **Rekeningnr:** 3240 140 208, **Takkode:** 632005

2. JAPANSENDING

BYBELKOERIER SE VERSLAG

(Bydrae deur Roald Lidal van *New Life Ministries*)

Liewe Gebedsvriend

Een van die bedienings waarby Japansending steeds betrokke is, is die druk en verspreiding van Bybels in Sjina. Baie Christene in Sjina word steeds diep geraak en geseën wanneer hulle 'n persoonlike eksemplaar van die kosbare Woord van God vir die eerste keer in hulle lewe ontvang. Een voltydse werker in die bediening wat vir 1 200 Bybels gevra het, het gesê dat baie weer eens tot geloof in Jesus Christus kom. Dit blyk dat Sjina nog steeds 'n groot herlewing beleef.

'n Bybelkoerier het onlangs gedeel dat, ten spyte van strenger kontrolemaatreëls, hulle in staat was om kontak te maak met gelowiges in 'n afgeleë gebied en die kosbare Woord van God sonder voorvalle te kon aflewer. Hy het die volgende vertel na sy reise na Sjina met 'n groot groep wat hom gehelp het om die Bybels te vervoer:

“Ons was verheug om die Bybels aan gretige ontvangers te verskaf, maar was baie teleurgesteld toe ons ontdek dat ons ‘vergeet’ het om 'n hele paar honderd Bybels te oorhandig. Ons het geen manier gehad om die kerkleiers, wat ons so pas ontmoet het en Bybels voor gegee het, te kontak nie.

“Ons het gebid en God gevra vir leiding en hulp. Die gedagte dat ons sou moes terugkeer met Bybels wat ons weet so bitterlik benodig word, was pynlik. Die volgende dag toe ons ons reisagent ontmoet, het ons verneem dat hy Bybels vir sy moeder benodig. Sy het ure lank met die trein van haar dorpie af gery met die hoop om Bybels te kon kry vir haar kerk wat dit so bitterlik nodig het. Sy het nie 'n idee gehad waar en hoe om dit te kry nie.

“Daardie aand het ons die ‘oorblywende’ Bybels aan haar oorhandig. Sy het die grootste glimlag denkbaar op haar gesig gehad, terwyl sy aanhoudend herhaal het: ‘Dankie, dankie, dankie!’ Dit was 'n vreugde om te sien hoe die Here ons gelei het na hierdie vrou en hoe Hy ons ‘fout’ reggemaak het om so in die dringende nood van die dorps-kerkie te voorsien.”

Weer eens is ons daaraan herinner dat die Here nie foute maak nie. Hy laat elke ding met 'n doel gebeur. ***'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop*** (Spr 16:9).

Dit wat God in Sjina doen, is werklik wonderbaarlik. Ontelbare mense word verander deur 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus.

Bid asseblief vir ons vir die nodige hulpbronne om

Bybels beskikbaar te kan stel aan baie wat hulle lewens aan die Here toevertrou het. Bid vir wysheid en beskerming vir die netwerk, drukkers, ver-spreiders en koeriers wat betrokke is in 'n proses wat somtyds baie gevaarlik is. Bid vir hulle wat vervolgt word vir hulle geloof in Jesus.

Dankie vir julle getroue gebede.
Dawid en Sue Verwey

Bron: *Japansending* - e-pos gedateer 16 Maart 2016 van Dawid Verwey; Adres: Posbus 30106, Wonderboompoort, 0033; Tel & Faks: 012 377 1533; Sel: 083 719 0227; E-pos (SA): sa@japanmission.org; E-pos (Japan): jm@japanmission.org; Web: www.japanmission.org; Bankbesonderhede: ABSA Bank, Rekeningnommer: 090 161 334, Takkode: 632005

DS JOHAN BLOEMHOF SE BESOEK

Op 3 Maart het Ds Johan Bloemhof en sy vrou, Rita, ons gemeente besoek. Hulle is al vir meer as 30 jaar besig met sendingwerk in Frankryk. Die Here het hom geroep en hy was gehoorsaam om na die land te gaan waarvandaan die Franse Hugenote gekom het. Die Hugenote was Protestante wat geweldige vervolging ondervind het in Frankryk. Sedert hulle koms na Suid-Afrika met baie nasate in verskillende families soos die Du Toits, die De Villiersstamboom, Du Preez en andere, het 11 geslagte hier in SA gewoon en gewerk en ook in kerklike verband 'n belangrike rol gespeel.

In Frankryk self het die weggaan van die Franse Hugenote egter 'n belangrike leemte gelaat. Die volgende 11 geslagte wat daar grootgeword het, het op godsdienstige vlak baie agteruitgegaan sodat daar vandag jong kinders is wat nog nooit 'n Bybel gehad het nie.

Ds Johan en sy medewerkers be-ywer hulle veral vir kinder-evangelisasie. Met hulp van uitreikspanne wat bv. ook uit SA gegaan het, plaas hulle 'n pakkie met leesstof in posbusse en versprei so die evangelie. Hulle het ook 'n internetbediening wat direk besoek word deur kinders en jongmense.

Laat ons hulle getrou in voorbidding onthou. Ons kon met dankbaarheid verneem het dat hulle skoonogter, Elize, genees is van MS, wat gewoonlik ongeneeslik is.

Hulle versprei die boodskap van hoop oral waar hulle kom, soos die teks in 1 Petrus 1:4-5 dit ook saamvat: "n Onverganklike, onverwelklike hoop op die saligheid wat vir gelowiges bewaar word".

Annette Wheeler.

DIE HERE BY ONS?

Ons sê so baie en so maklik: "Mag die Here by jou wees", wanneer ons iemand wil troos of sterkte wil toewens in moeilike tye. Ons doen dit almal, maar impliseer dit nie dalk iets ongesonds in ons godsdienstige denke nie? Daarmee bedoel ek dat ons in ons godsdiens dalk te egosentries kan wees: ons beweeg op baie paaie en begeef ons soms in ongewens-te plekke en situasies en as ons dan swaarkry, bid ons dat die Here by ons moet wees en ons tog moet uithelp. Ons kan ons diens aan die Here dus sien as 'n soort van assurance vir wanneer ons in die moeilikheid kom.

Lyk dit nie dalk te veel na 'n houding van dat ek doen wat ek wil en gaan waar ek wil en dan moet God maar net by my wees nie? Ek voeter dalk soms in 'n rigting en situasie in sonder om eers te vra of ek in 'n goeie, gesonde rigting beweeg wat God se goedkeuring



sal wegdra.

Ten diepste klink dit vir my – hoe subtiel ook al – of ek self in die middelpunt van my godsdiensbeoefening staan, as ek so 'n houding openbaar. **Godsdien**s beteken tog dat **God** in die middelpunt moet wees. Vergelyk Joh 3:30: "Hy moet meer word en ek minder".

Ek beoefen nie my godsdiens om die lewe vir **my** beter te maak nie, maar ek beoefen my godsdiens tog om **God** te dien in die eerste plek. Dan is die belangrikste oorweging in enige situasie of optrede tog wat **God** wil hê of ek leef en optree in lyn met die wil van **God!**

Sou dit nie beter wees om vir mekaar in moeilike tye te sê nie: "Sterkte my vriend/vriendin, mag jy naby die Here bly! Ek bid vir jou."

Daan Kilian.

ONBEKENDE LIED

Van tyd tot tyd plaas ons een van die onbekende liedere van die *Liedboek van die Kerk*. Vandeemaand is daar plek en ek het lied 381 gekies om te plaas. Wanneer 'n mens deur die *Liedboek* lees oor die oorsprong van die liedere, kom jy agter dat die oorsprong van baie liedere dateer uit die 1500's en 1600's met skrywers soos Martin Luther, Paul Gerhardt, Ernst Hamburg en andere. Lied 378 se oorsprong is selfs by Edigo van Colonna van ongeveer 1300! Dié liedere is dan later (in ons tyd) in Afrikaans verwerk. Lied 381 se oorsprong is egter in ons eie land in 2001 toe prof Jimmy Loader (destyds professor in die Ou Testament aan die Teologiese Fakulteit van die Ned Herv Kerk aan U P) dit geskryf het. Dit is gebaseer op Jes 52:13 – 53:12. Die melodie se oorsprong is in 1539 in Antwerpen.

LIED 381

1. Voor vorste en die wêreld

lê 'n figuur verwing.

Dis Israel, die dienskneg,
wat ons Gods wonder bring.

Die menslik onverwagte
het God tot stand laat kom –
net deur sy kneg se neerlaag
kom mense nou tot Hom.

2. Dit is Gods slaglam, Christus,
wat uit sy volk sou spruit.

As skaap gelei ter slagting
het Hy geen woord ge-uit.

Hy is vir ons oortreding
verneder en deurboor,

sodat 'n nuwe kudde

geen oordeelswoord meer hoor.

3. Om sondaars te regverdig,
het Hy die prys betaal.

Vir mense kom die vryspraak
slegs soos Gods reg bepaal.

Wat voluit ongehoord is,

het Christus so verrig

deur juis in lydensdonker

ons lewens te verlig.

Daan Kilian.

PERSOONLIKE WOORD : RENE

Ek kan nie glo 'n jaar en twee
maande is reeds verby in Huis
Gideon nie.

Ek is so bevoorreg om presies te
wees waar ek nog altyd wou wees.
Ek wou nog nooit net 'n gewone
lewe lei wat nie 'n verskil maak en
niemand aanraak nie. Ek kan net
die Here loof en prys vir al sy
goedheid in my lewe.

Ek wil almal bedank vir julle be-
trokkenheid by die huis. Dit word
opreg waardeer.

Ons het die jaar afgeskop met 3
nuwe kinders: ouderdomme 7, 9
en 11. Daar is nou in totaal 7
kinders in die huis. Almal het

gewaarsku as nuwe kinders
inkom, is dit nogal 'n uitdaging
soos almal kompeteer vir aandag.
Niks kon my daarop voorberei nie,
dit was baie erg om vir almal ewe
veel aandag te probeer gee. Ek
dink hulle het nou redelik goed
aangepas. Dit is die lekkerste ge-
voel as jy hulle vir die eerste keer
uit hulle maag hoor lag.

Ons is daardeur en het die skool-
vakansie uiteindelik aangebreek
en kan ons so bietjie ontspan.

Ek wil graag hierdie jaar 2 groot
fondsinsamelings hou. Ek wil almal
asseblief vra om dit by te woon en
ook om julle vriende en familie te
vertel van Huis Gideon. Ons kan
nie genoeg mense hê wat be-
trokke kan wees by ons huis nie.

Die volgende fondsinsameling is 'n
disco/sokkie vir Graad 5 tot 7 laer-
skoolleerlinge op **16 April 2016** in
die kerksaal. Teken asseblief
hierdie datum aan en stuur julle
kinders en kleinkinders. Daar sal
baie toesig wees. Dit gaan 'n lek-
ker aand wees vir hulle vol hope
pret en plesier.

Ons het veral die volgende be-
hoefte vir die huis:-

Kruideniersware (melk, suiker,
mieliemeel, koffie, aanmaakkoel-
drank, tee, tuna, pilchards.) Dis net
'n paar items maar sal 'n reuse
verskil maak in my begroting.

Toiletware, skoonmaakmiddels.

Naweek/vakansie ouers.

Ek wil weer 'n beroep doen op die
gemeente om op my knoppie te
druk rakende die diens wat ek wil
aanbied.

My telefoonnommer is 012 664
2199/079 514 3290

Rene Odendaal.

*(Naskrif. Een van die grootste
probleme tans in die Huis, is dat
die bussie nie net te klein geword
het nie, maar ook dat hy telkens vir
Rene langs die pad laat staan. Is*

*daar nie dalk iemand wat vir ons 'n
woord kan doen in dié verband
nie? Hou asseblief Huis Gideon in
u gebede en bid vir die huisouers.
Onthou ook vir Martin in u gebede,
wat tans wag vir 'n hartoorplanting
sodra daar 'n gepaste hart
beskikbaar word. Jansie)*



OUMAS WAT OMGEE

Hulle dag begin lank voor sonop. Haan se kind en sy maters is nog besig om hul vere reg te skud en hul keel skoon te skraap, dan is die oumas van Ebony en Ivory Park, suid van Pretoria, al op die been.

Teen daglig is hul spannetjies reeds kant en klaar met die voorbereidings vir die dag en pak die pad aan skool toe: party te voet, ander met minibustaxi's.

In hulle oë lees jy die omgee – en in hul belynde gesigte sien jy die swaarkry wat elke dag toevou. Baie min van hierdie oumas vind kans om te rus – omdat die uitgebreide gesinne waarvoor hulle veantwoordelik is, se vele behoeftes hulle dae propvol planne maak, harde werk en aanhoudende besig wees.

Aftree en ouetehuis is 2 woorde wat nie op hierdie strydervroue van toepassing is nie: nie nou nie en ook nie later nie.

Al die kinders

En tog is hulle praat nie net swaarkry-praat nie. Daar is tog nog tyd vir stories deel en lekker lag, so oor 'n beker tee en 'n toebroodjie. En dan die vertel van hoe hul lewe werk. Nie net hul en hul kleinkinders nie, maar familie se kinders en kleinkinders, en enig -een verbonde aan 'n familielid wat self nie hulle kind kan versorg nie, kry blyplek by so 'n ouma wat haar hart en huis vir 'n kind oopmaak. Baie kinders word so grootgemaak deur vroue wat eenvoudig die kind inneem en grootmaak, ongeag bloedverwantskap of formele hofbevele. En 'n groot aantal van hierdie vroue is in die silwer jare van hul lewe.

In gesprek met Caroline, een van hierdie oumas wat ses kinders in haar sorg het, word die alledaagse struikelblokke duidelik. Die huishouding het omtrent geen inkom-

ste nie: een van die ouer kinders doen stukwerk waar hy kan en nog 'n ander een wat matriek geslaag het, soek nog werk. Elke dag is 'n uitdaging in hierdie huishouding, niks is vanselfsprekend nie.

Kry sy dan nie 'n pleegsorgtoelaag ofte wel 'n "Granny Grant" van die regering nie? Sy verduidelik dat een van die kinders wel kwalifiseer vir 'n toelaag, maar nie 'n geboortesertifikaat het nie.

Lucky Makgopa, 'n maatskaplike werker van die Christelik-Maatskaplike Raad (CMR) Ivory Park wat die familie bystaan, verduidelik dat die proses om aansoek te doen vir so 'n toelaag lank en uitgerek is. Baie papierwerk moet eers gedoen word.

Lucky verduidelik dat geen toelaag uitbetaal kan word sonder die nodige dokumentasie nie. En in informele omgewings is daar dikwels nie die begrip dat die geboorte van 'n kind geregistreer moet word nie, en in meeste gevalle, is daar nie die geld om die dokumente te bekom nie. Sy dink dat die koste van dokumentasie 'n baie groot struikelblok is – en ure, selfs jare se werk sou voorkom kan word indien dit meer bekostigbaar sou wees.

Die werklikheid is dat 'n baie groot persentasie kinders deur iemand anders as hulle biologiese ouers grootgemaak word, of op informele wyse versorg word. Lucky verduidelik dat probleme ontstaan wanneer kinders by skole ingeskryf moet word, mediese hulp en identiteitsdokumente nodig het.

Dit is juis met hierdie struikelblok van geen dokumente wat die CMR van Gauteng-Oos se maatskaplike werkers, wat kantore regoor Pretoria het, 'n groot verskil maak deur die oumas en ander familieledes wat die kinders in pleegsorg wil neem, te ondersteun.

Oumas wat maande of jare gelede

langs die grafte van hul dogters moes staan en ten spyte van die hartseer, met omgee aangaan en sonder ophou planne maak vir onskuldige kleinkinders in nood.

CSCM

Ds Ryno Meyer, leraar van die NG Gemeente Pierre van Ryneveld en bestuurslid van die CMR Lyttelton, verduidelik dat Ivory Park se kantoor, weens munisipale grense, nie langer as deel van die CMR Lyttelton kan funksioneer nie.

Dus word daar nou 'n nuwe organisasie sonder winsoogmerk geregistreer wat as die Christian Social Council Midrand (CSCM) die werk sal voortsit. Daar is tans 2 maatskaplike werkers en twee maatskaplike hulpwerkers, maar dis ontoereikend, verduidelik hy. "Die werklading is so groot dat ons eintlik ses voltydse mense nodig het."

Hy sê dat die grootste uitdaging is dat die werk reaktief plaasvind, en byna net aan die grootste krisis aandag gegee word, iets wat nie die langtermyn doelwit is nie. Hy voorsien pro-aktiewe programme, opheffing, werksinkels groenteverbouing, buitemuurse aktiwiteite, huiswerkhulp en naskoolsentrum-aktiwiteite – en les bes, uitstappies om veral kinders beter toe te rus as wat tans die geval is.

Henda van der Merwe, direkteur van CMR Gauteng-Oos, benadruk dat fondse altyd benodig word. Met meer fondse kan nie net die getal maatskaplike werkers aangevul word nie, maar ook programme aangepak word. Ons het egter volhoubare, langdurige befondsing nodig. Ons is al in die proses om uit te reik na plaaslike besighede, en gaan hande vat met die nuutgestigte besigheidsforum in Midrand.

Sy stem met Meyer saam dat vrywilligers ook 'n belangrike rol gaan speel. Enige persoon wat sy tyd

en kennis wil kom deel – op watter vlak ook al – daar is geleentheid om hierdie mense se lewe positief aan te raak.

Kontak die bestuurder, Prisca Mathabatha by 076-699-2630 of die direkteur, Henda van der Merwe by 072-801-0092.

Ilse Ferreira in *die Kerkbode* Maart 2016.

DORCAS NAALDWERK GROEP

Die bogenoemde berig beskryf in meer besonderhede die omgewing waarin ons Dorcas Naaldwerkgroep funksioneer. Van die vrouens is van die ouer geslag, maar dit is bemoedigend dat uit die 14 vroue wat die skool bywoon, die helfte jong vrouens is – almal reeds met kinders en sommige van hulle ook oumas wat die verantwoordelikheid van hulle kleinkinders op hulle skouers geneem het. Onder hulle is 'n vrou wat 3 kinders van haar eie het en nog drie in pleegsorg onder haar vlerk geneem het. 'n Ander een het haar broer se 2-jarige dogtertjie by haar ingeneem toe dié se vrou weggeloop het. Dit is hoe ek die begrip “ubuntu” verstaan. Hierdie dogtertjie was vir n lang tyd baie siek en kon op 2-jarige ouderdom nie loop nie. Alida, een van ons kollegas, wat 'n suster is, het besef dat die kleintjie kwashiorkor het en het die pleegma gehelp om by die kliniek te registreer om verdere hulp te kry. Catharina, ons ander kollega, het gereeld groot hoeveelhede sojamelk vir die kind gebring. Ten spyte van die sop en pakkies sojakosse wat ons gereeld vir die dogtertjie gebring het, moes sy vir 'n maand gehospitaliseer word. Deur die genade van die Here het die kind goed herstel en huppel sy nou die wêreld vol.

Ons eerste doelwit is om die dames met die masjien vaardighede te leer. Maar ons teenwoordigheid beteken baie meer as

dit. Ons is vriende wat saam bid, lees en sing en om die tee en toebroodjie het ons tyd om in mekaar se sorg en ellendes te deel. Net so besorg as wat ons oor hulle is, is hulle oor ons. Ons kry gereeld die opdrag om vir oupa groete oor te dra of ek word gebel om te hoor hoe dit met ons gesondheid gaan. Verlede week met die stortreën in die Midrand-omgewing, het een van hulle gebel om te hoor of ons darem veilig in Pretoria aangekom het.

Ons het 'n waglys van 6 vroue wat graag nog by ons “skool” wil kom inskakel, maar ons 3 kollegas kan net nie meer vrouens inneem sonder om die ander af te skeep nie. Bid asseblief vir ons werk daar. Dit is regtig nie altyd maklik nie. Een van die grootste probleme is die taalkwessie. Hulle praat Sotho, Zoeloe en Tsonga. Laasgenoemde taal veroorsaak heelwat probleme, aangesien die Tsongasprekers nie een van die ander tale wat die vrouens praat, maklik volg nie. Ons moet altyd met 'n tolk werk. Maar ons kan getuig dat dit tog vir ons 'n plesier is om elke week die vrouens te ontmoet en ons mis dit as ons nie kan gaan nie.

Bid asseblief vir ons werk en ook vir ons kollegas. Sommige van ons is nie meer so jonk nie en die rûe en knieë sukkel maar partykeer.

Skakel my gerus indien u dalk kans sien om ons te kom help – elke Woensdag in Ivory Park.

Jansie Kilian 073-179-3295

DIE BYBEL VIR DISLEKSIËLYERS

Bybelgenootskappe wêreldwyd probeer sover moontlik die Bybel vir verskillende groepe, byvoorbeeld blindes en dowes, toeganklik maak. Onlangs het die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap die Markus Evangelie en die Psalms die

eertse keer vir disleksielyers in hulle land gepubliseer.

Een uit elke tien Britte is disleksielyers wat hulle lees- of skryfvaardighede kan beïnvloed. Volgens internasionale navorsing is tussen 10% en 15% van elke bevolking disleksielyers.

Aangesien die Bybel gewoonlik in kolomme en op dun papier met teks wat soms deurskyn gepubliseer word, is dit nie maklik vir disleksielyers om te lees nie. Dié twee publikasies is op dik, roomkleurige papier gedruk. 'n Maklike leesbare lettertipe is gebruik en die teks is nie in kolomme gepubliseer nie. Jacob James (13) van Sussex in Engeland is 'n disleksielyer en sy kommentaar op hierdie Markus Evangelie is: “Die letters is groter en omdat daar meer spasie tussen die verse is, het dit my baie gehelp. In 'n gewone boek is dit vir my baie moeilik om te lees want die woorde vloei in mekaar, maar hierdie Evangelie was makliker om te lees en ek kan vir lang rukke daarin lees. Ek geniet dit.”

Sy ma, Ruth, is baie opgewonde oor die publikasies “...want”, sê sy, “alhoewel dit wonderlik is om na 'n Oudiobybel te luister, is dit nie altyd maklik om die verskillende verse gou op te spoor nie. Dit is vir my so wonderlik dat Jacob nou self sonder hulp uit die Bybel kan lees.”

Die Saaier, Herfs 2016.

AFRIKAANSE BYBEL VORDER FLUKS

Die week van 18-22 September 2015 is nog 'n mylpaal in die vertaling van *Die Bybel: 'n Direkte vertaling (BDV)* behaal. Die Nuwe Testament Redaksionele Komitee het toe die laaste van die kommentaar wat na aanleiding van die gepubliseerde Nuwe Testament en Psalms ontvang is, oorweeg en die vertaling aangepas waar nodig.

Fase drie van die volledige Nuwe Testament is nou voltooi.

Hierdie aangepaste tekste sal met tertyd by die vertaling se webtuiste www.bybeldirektevertaling.co.za vir kennisname beskikbaar wees. Ou-Testamentise tektse asook sommige van die Deuterokanonieke boeke is ook hier beskikbaar. Stuur gerus u kommentaar aan die e-posadres wat op die webwerf gegee word.

Dit is nou 10 jaar gelede dat daar met hierdie vertaling begin is. Die vertaling moet deur vyf fases gaan voordat dit gereed is vir publikasie. In die lang proses is die verskillende take al tussen 76% en sommige byna 100% voltooi.

Prof Bernard Combrink, die prjkleier, het onlangs gesê: "Almal wat aan hierdie vertaling werk, benodig ernstige voorbidding vir hierdie projek. Ons is diep bewus van die besondere voorreg, maar die nog groter verantwoordelikheid om die Woord van God vir sy gelowiges en kerke te vertaal."

Die Saaier, Herfs 2016.

OMGEE-VROUE

Baie dankie aan al die gemeentelede wat terugvoer vir ons gegee het op die inligtingstrokies wat ons beskikbaar gestel het. Ons versoek diegene wat nog nie gereageer het nie, om n strokie te neem en dit te voltooi. U kan dit by die kerkkantoor ingee of in die kollektiebordjie gooi.

Ons wil u graag ook herinner daaraan dat dit hierdie maand ons gemeente se beurt is om kruideniersware te verskaf aan die CMR. Neem asseblief die strokies wat by die deure beskikbaar is sodat u kan weet wat om by te dra. Ons sal die kruideniersware aan die einde van die maand by die CMR besorg. By voorbaat dankie vir u bydrae om mense in nood te help.

Ons woekeraksie is volstoom aan die gang. Betsie de Wet verkoop pragtige kaartjies waarvan die kerk 'n deel ontvang. Suzette se heerlike koekies en beskuit is ook beskikbaar en Fransina het vir ons kerse beskikbaar gestel wat teen R20 stuk verkoop word. Kom loer gerus by die kombuisarea in op Sondae om te kyk wat nog beskikbaar is.

TEKEN ASB 16 APRIL AAN VROUEDIENSVERGADERING OUTISME

Gloria, 'n werker van die Outismevereniging kom ons toespreek oor hierdie belangrike onderwerp. Outisme is 'n probleem wat al hoe meer voorkom en nie maklik gediagnoseer word nie. Kom hoor wat die kenners vir ons

dat hulle ook beter ingelig kan word.


Ons wil van die geleentheid gebruik maak om vir Annette Wheeler totsiens te sê. Sy vertrek aan die einde van die maand na Kaapstad, waar sy by haar dogter gaan woon. Annette was 'n getroue lid van ons Omgee-Vroue se bestuur en het vir ons as groep en vir die gemeente baie beteken. Sy was vir lank verantwoordelik vir die gereelde en toepaslike gebedsversoeke wat op die voorblad van die *Aankondiger* verskyn. Annette was ook die nie-amptelike kolporteur van die gemeente wat getrou Bybels vir ons goedkoper aangeskaf het. Die laaste klompie jare het sy die leiding geneem by die biduurgroep wat in Die Parke op Dinsdae gehou word. Annette, ons gaan jou baie mis en bid vir jou die Here se genade toe vir die nuwe fase van jou lewe. Ons glo dat jy daar gou sal inskakel in die nuwe gemeente en ook daar 'n bydrae sal maak vir die Here se werk.

**VRYDAG 8 APRIL
HAMBURGERS R30 ELK
Beskikbaar vanaf 17:30
Kaartjies REEDS beskikbaar
IN DIE KERKKANTOOR OF IN
DIE KOMBUISAREA
Ry net in en jou bestelling sal
vir jou na die kar gebring word.
Geen kosmaak en geen
skottelgoed was vir jou op 8
April**



daarvan vertel. Lig u kennisse asseblief in oor die geleentheid so-

*Annette en
Betsie de Wet
by Annette se
afskeid. Betsie
volg vir Annette
op by die
biduurgroep.*



LIEF EN LEED

Ons vra dat u asb nog steeds voorbidding sal doen vir die volgende mense, sommige oor wie ons die Here moet dank vir beterskap:-

Riekie Cilliers wat groot beterskap toon.

Ansie Brink wie se bloedtoetse toon dat daar genesing is.

Jo Swart wat goed herstel na haar operasie.

Alet Vermaak wat baie sukkel met haar longe.

Quinton, skoonseun van Ernie en Ilse Blignault, wat tuis aansterk.

Die kinders van Joeye van Wyk wat op hulle klein-hoewe oorval en beroof is. Hulle sukkel steeds om die trauma te verwerk.

Martso Strydom op wie se voorkop velkankergroei-sel verwyder is.

Kobie Smal van Protea wat baie verswak is en wie se toekomstige versorgingsposisie nog baie on-seker is.

Anneke Maree se dogter wat nog behandeling ontvang.

Louise van Eck wat nog herstel na 'n knieervang-ingsoperasie.

Estian Conradie wie se algemene toestand redelik onder beheer is, maar nog nie die epileptiese aan-valle nie.

Oom Fanie Nel wat weer 'n stent ontvang het, maar nog moeg bly.

Miempie Janse van Rensburg wat nog in die hospitaal is, maar beterskap toon. Sy hoort binnekort ontslaan te word.

Betsie du Toit wat weer tuis is en daar versorg moet word.

Una van Schalkwyk wat na 'n ouetehuis in Newcastle verhuis. Ons wens haar sterkte toe vir die aanpassing in die nuwe omstandighede.

Isa Theron se kleinkind wat uit die intensiewe sorg-eenheid is, maar nog baie komplikasies ervaar na die ongeluk.

Myra van Niekerk wie se broer oorlede is.

Corine Naude wat geval het en gehospitaliseer moes word.

Morgan Smit wat gehospitaliseer was vir toetse. Bid dat die wortel van die probleem gevind word.

Pieter, seun van wyle Gerrie Heiberg, wat ná twee

breinoperasies nou in 'n rolstoel is en nou nog die dood van sy moeder ook moet verwerk.

U word ook gevra om voorbidding te doen vir die familie en vriende van die volgende mense wat gesterf het:-

Alewyn Dippenaar wat op 18 Maart oorlede is. Dink in besonder aan Hanna en die familie.

Gerrie Heiberg wat op 17 Maart oorlede is. Dink aan die familie wat in 'n moeilike situasie is.

Sannie Viljoen van Rusoord wat ook op 18 Maart oorlede is. Mag haar familie ook vertroosting in die Here vind.

Aan die lief-kant: daar is in die loop van die maand ook 2 nuwe diakens in hul amp bevestig, nl Louis Hough en Andries Stapelberg. Ons wens hulle van harte geluk en ook sterkte toe met die uitvoering van hul taak.

Courage is not the towering oak that sees storms come and go; it is the fragile blossom that opens in the snow.

Alice MacKenzie Swaim, Engelse digter en skrywer

ZERO BOOMSLOPINGS

BOOMSLOPINGS EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE.
ONS VERSKAF OOK
KAGGELHOUT



KONTAK ERNST

083 656 4992

www.treecarepta.co.za

www.boomslopings.co.za